Hoërskool Labori High School

Gimnasiumstraat / Gymnasium Street
Privaatsak / Private Bag X3013
PAARL
7620

Tel (021) 872 8293 / 872 2042

E-pos / E-mail root@hslabori.co.za
Web www.hslabori.co.za

ELEKTRONIESE TOESTEL BELEID VIR LEERDERS

1. ALGEMEEN

Hierdie beleid is opgestel deur die Beheerliggaam in ooreenstemming met die volgende Wetgewing en verwante skoolbeleide:

- Gedragskode vir leerders
- Regulasies vir Veiligheidsmaatreëls by Openbare Skole GN 1040, GG22754 van Oktober 2001
- Die Nasionale Beleid vir die Hantering, Administrasie en Bestuur van die Nasionale Seniorsertifikaat, Algemene Kennisgewing 30048 van 6 Julie 2006.

Die skool is bewus daarvan dat ‘n selfoon en ander elektroniese kommunikasie-apparate ‘n bruikbare instrument gedurende noodgevalle is en dat dit ook tydens e-leer as ‘n effektiewe onderrigbron deur opvoeders en leerders aangewend kan word. Die gebruik van selfone en ander elektroniese kommunikasie-apparate deur leerders tydens skoolure, veroorsaak egter dissiplinêre probleme en maak daarom die implementering van streng reëls met betrekking tot die gebruik van selfone en ander elektroniese kommunikasie-apparate noodsaaklik. Die gebruik van ‘n selfoon of ander elektroniese kommunikasie-apparaat by die skool is derhalwe ‘n **voorreg** en nie ‘n reg nie.

WOORDOMSKRYWING

- **Elektroniese klanktoestel** beteken alle elektroniese apparate wat klank kan voortbring met inbegrip van (maar nie beperk tot) “Bluetooth speakers”, oorfone, tablette, “e-reader”, ens.
- **Elektroniese kommunikasie-apparaat** sluit in (maar is nie beperk tot) selfone, tablette, “smart watches”, ens.

2. DIE VOLGENDE REËLS MOET DEUR ALLE LEERDERS NAGEKOM WORD

2.1 Selfone en ander elektroniese kommunikasie-apparaat moet te alle tye gedurende normale klasure afgeskakel wees. Geen selfoon en/of elektroniese kommunikasie-apparaat mag op “stil” of op “vibreer” gestel word nie.

2.2 Leerders mag slegs van hulle selfone en/of elektroniese kommunikasie-apparaat voor skool, tydens pouse en na skool gebruik maak en dan slegs buite die klaskamer.

2.3 Leerders mag in die klaskamer slegs met **uitdruklike toestemming** van ‘n opvoeder hulle selfone en/of elektroniese kommunikasie-apparaat aanskakel.

2.4 Geen sms’e, whatsApp, dm’s/pm’s, e-posse of soortgelyke protokol mag deur ‘n leerder gedurende formele onderrigtye en tydens klaswisseling gestuur of gelees word nie.

2.5 Geen leerder mag die selfoon en/of elektroniese kommunikasie-apparaat van ‘n ander leerder sonder die leerder se toestemming gebruik nie.

2.6 Geen leerder sal toegelaat word om ‘n selfoon en/of elektroniese kommunikasie-apparaat in ‘n eksamenlokaal in sy/haar besit te hê nie.

2.7 Geen selfoon en/of elektroniese kommunikasie-apparaat mag sigbaar wees tydens formele klasonderrig of tydens klaswisseling nie.

2.8 Selfone en/of elektroniese kommunikasie-apparaat mag gedurende skoolure gebruik word om ‘n ouer/voog te kontak, maar dan slegs met die uitdruklike toestemming van ‘n opvoeder.

2.9 Leerders mag slegs met sy/haar selfoon en/of elektroniese kommunikasie-apparaat op die skool se Wi-Fi inskakel vir akademiese doeleindes.

2.10 Die skool se Wi-Fi mag nie misbruik word vir persoonlike doeleindes nie.

2.11 GEEN elektroniese klanktoestelle (uitgesluit selfone) word op die skool-/sportterrein toegelaat nie.

3. **VEILIGHEID EN SEKURITEIT**:

3.1 ‘n Leerder wat ‘n selfoon en/of elektroniese kommunikasie-apparaat skoolgronde toe bring, doen dit op eie risiko.

3.2 Diefstal van ‘n selfoon en/of elektroniese kommunikasie-apparaat moet onmiddellik aan ‘n opvoeder gerapporteer word.

3.3 ‘n Ondersoek na sodanige diefstal sal plaasvind volgens die diskresie van die hoof of sy gedelegeerde.

3.4 Die skool aanvaar **GEEN** aanspreeklikheid vir enige verlies wat mag plaasvind as gevolg van die diefstal of beskadiging van ‘n leerder se selfoon en/of elektroniese kommunikasie-apparaat nie. Geen personeellid kan verantwoordelik gehou word vir die verlies van of skade aan ‘n leerder se toestelle nie.

3.5 Dit is die plig van die slagoffer van diefstal en/of skade om ‘n klag by die S.A.P.D. in dié verband aanhangig te maak.

3.6 Geen foto’s van enige persoon of ‘n gedeelte van ‘n persoon mag geneem en versprei word nie.

3.7 Geen opname van enige klasaktiwiteit mag gemaak word sonder die uitdruklike toestemming van die betrokke opvoeder nie.

3.8 Die opneem en verspreiding van enige foto, video, klankgreep van enige situasie hetsy gedramatiseer of andersins, is verbode tensy dit vir opvoedkundige doeleindes is en met die **uitdruklike toestemming** van die betrokke opvoeder geskied.

4. DISSIPLINÊRE AKSIE

Verbreking van hierdie beleid deur enige leerder sal aanleiding gee dat die selfoon / elektroniese kommunikasie-apparaat tesame met simkaart, asook enige data-geheuekaart, gekonfiskeer sal word en aan die Hoof of sy gedelegeerde vir veilige bewaring oorhandig sal word. ‘n Kwitansie vir die selfoon sal uitgereik word, wat die leerder by die Finansieskantoor moet afhaal.

Gekonfiskeerde selfone en/of elektroniese kommunikasie-apparaat sal verseël word, ‘n boekinskrywing sal gemaak word en die item sal in veilige bewaring geplaas word.

4.1 EERSTE OORTREDING

Die selfoon / elektroniese kommunikasie-apparaat sal vir ‘n periode van 5 (vyf) skooldae in veilige bewaring gehou word, waarna die ouer / voog van die leerder die item tydens skoolure teen betaling van ‘n boete van R100.00 (Eenhonderd Rand) moet kom afhaal.

4.2 TWEEDE OORTREDING

Die selfoon / elektroniese kommunikasie-apparaat sal vir ‘n periode van 10 (tien) skooldae in veilige bewaring gehou word, waarna die ouer / voog van die leerder die item tydens skoolure teen betaling van ‘n boete van R200.00 (Tweehonderd Rand) moet kom afhaal.

Waar ‘n leerder hom/haar aan ‘n tweede oortreding skuldig maak, sal die leerder ook een sessie gemeenskapsdiens verrig.

4.3 DERDE OORTREDING en VERDERE OORTREDINGS

Die selfoon / elektroniese kommunikasie-apparaat sal vir ‘n periode van 20 (twintig) skooldae in veilige bewaring gehou word, waarna die ouer / voog van die leerder die item tydens skoolure teen betaling van ‘n boete van R300.00 (Driehonderd Rand) moet kom afhaal.

‘n Leerder wat hom/haar skuldig maak aan ‘n derde oortreding van die selfoonbeleid, sal ook dissiplinêr verhoor word.

4.4 VERDERE OORTREDINGS

Die selfoon / elektroniese kommunikasie-apparaat sal in veilige bewaring gehou word, waarna die ouer / voog van die leerder die item tydens skoolure by die skoolhoof moet kom afhaal. Die leerder mag vir die res van die jaar GEEN selfoon / elektroniese kommunikasie-apparaat by die skool hê nie indien ‘n leerder ‘n verdure oortreding began

sal sy/haar selfoon/elektroniese kommunikasie-apparaat vir die res van die jaar in veilige bewaring gehou word, waarna die leerder dit by die skoolhoof of sy gedelegeerde kan afhaal.

4.5 REKORD VAN OORTREDING

Die Skool sal ‘n rekord hou van oortredings van die beleid en sodanige rekord sal van krag wees tot aan die einde van die akademiese jaar waarin die oortreding begaan is. Geen rekord van oortreding/s sal oorgedra word na die daaropvolgende akademiese jaar nie.

4.6 WEIERING OM DIE SELFOON IN TE HANDIG

Indien die leerder weier om sy/haar volle samewerking met die inhandiging van die selfoon te gee, sal hy/sy dissiplinêr verhoor word. Die onderwyser meld sodanige weiering direk by die dissiplinêre koördineerder aan. Hy sal die saak verder hanteer en met die ouers skakel.

4.7 REËLS MET BETREKKING TOT AFHAAL VAN GEKONFISKEERDE ITEMS:

Selfone kan slegs deur die ouer/voog van die leerder afgehaal word en die gemelde as bewys van veilige ontvangs van die item Indien dit vir die ouer, weens omstandighede, onmoontlik is om die foon af te haal, kan hy / sy ‘n skriftelike versoek aan die dissiplinêre koördineerder rig. Laasgenoemde sal dan die nodige reëlings tref.

Indien ‘n gesteelde selfoon in besit van enige leerder gevind word, sal daar onmiddellik dissiplinêre stappe teen sodanige leerder ingestel word, wat skorsing of uitsetting van die leerder kan insluit.
Indien enige leerder hom/haar sou skuldig maak aan die verspreiding van ongewenste en/of pornografiese materiaal deur middel van ‘n selfoon en/of elektroniese kommunikasie-apparaat, sal sodanige selfoon onmiddellik gekonfiskeer word en aan die S.A.P.D. oorhandig word. Sodanige leerder sal ook onmiddellik aan dissiplinêre stappe wat skorsing of uitsetting van die leerder kan insluit, onderwerp word.

Die personeel en beheerliggaam van die Hoërskool Tygerberg versoek alle ouers om die skool met die uitvoering van die beleid te ondersteun, aangesien die beleid in belang van die leerders, hulle opvoeding, persoonlike veiligheid en die veiligheid van hulle besittings opgestel is.